Sing vooraf staande: Psalm 135:8 (p. 656)

8 U Gedenknaam, HEER, sal leef / tot die verste nageslag.
U sal nooit u volk begeef, / maar U hou oor hul die wag.
En U knegte, skoon ontrou, / U sal hul in liefde⁀aanskou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 19 (p. 71)

1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte⁀en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

19 Hul was gehoorsaam as hul oor / net van my roem en dade hoor.
Hul het al kruipende gekom; / uit vestings skuif hul kragt'loos, krom.
Die Here leef! Lof aan my Rots! / Die Heer, my heil, sy groot gemaak!
Hy gee my op my vyand wraak / en breek die volke in hul trots.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 65:2 (p. 314).

Wet

Psalm 65:2 (p. 314)

2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 136:1, 19 (p. 660)

1 Loof die Heer met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

19 Loof die HEER wat ewig leef, / mens en dier hul spyse geef;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Skriflesing: Deuteronomium 32:36-42 (40)
2 Samuel 22:32-47 (47)
Esegiël 33:10-12 (11)
Romeine 14:10-12 (11)
Hebreërs 7:20-28 (25)

Teks: Hebreërs 7:25b

…omdat Hy vir altyd leef… (Hebreërs 7:25b AFR1953)

Het u al daaraan gedink waarom daar so baie verval is in ons tyd – verval op letterlik elke terrein?

- Daar is sedelike en morele verval.
- Daar is verval in menseverhoudinge.
- Fisies is daar baie dinge wat agteruitgaan.

Waarom?

- Dit is omdat te veel mense vergeet het dat die Here lewe.
- Daar is toegelaat dat die eienskappe en manier van dink wat algemeen is van alles wat die wêreld in hierdie tyd doen, in ons godsdiens ingedra is.

Baie geloofsake is alles net na die verstand toe verskuif en die hartsake het op die agtergrond geraak!

- Ons weet God bestaan.
- Maar dit is vir die meeste van ons ook maar al.

Dit is waarom so baie mense (ook sogenaamde gelowiges!) se gedagtes baie min by God uitkom.

Dit is ook waarom so min mense daadwerklike gemeenskap met Hom het.

Die verval het ook ’n stukkie staanplek in die feit dat mense oor die algemeen hulle Bybels al hoe swakker ken.

- Baie mense het nie meer die ware geloof soos wat die Bybel dit beskryf nie.
- Die Bybel sê ons moet ’n gewisse kennis van God se openbaring hê en ’n vaste vertroue op sy genade.
    - Dit veronderstel ’n volmaakte kennis van God en van sy Woord.
    - Die algemene Bybelkennis van die meeste gelowiges is beroerd – en sonder kennis het die vertroue in God ook vervaag.

Dit verklaar hoe die besef gebly het dat God daar is – ’n almagtige en verhewe God.

- Sover is dit reg, maar die belangrike deel wat verlore geraak het, is dat hierdie God ook ’n persoonlike God is wat lewend en persoonlik hier en nou by my teenwoordig is.
- Feit is net dat diegene onder ons wat hierdie besef verloor het, dit sal moet terugkry as ons ons lewens en ons probleme weer wil regkry en hanteer.

Uit die gedeeltes wat ons saam gelees het, en waar die lewende bestaan van God elke keer beskryf word, is daar een saak wat baie sterk uitstaan:

- Die oordeel waarmee ons in ons lewe te doene kry, is heeltemal ons eie skuld, want as ons die teenwoordigheid van God geken en beleef het, sou ons sy liefde ervaar het.
- Die teenwoordigheid van God gaan dus oor sy liefde en die seën wat daaruit voortvloei.

Ons kyk eerste na die gedeelte in Deuteronomuim 32. Wat gaan hier aan?

- Moses het pas vir Josua as opvolger aangewys.
- Hy weet dat die volk in verval gaan raak en hy waarsku hulle ook daarteen.
- Hy doen alles in ’n lied.

Maar dan bevat hierdie lied ook die stukkie waar daar gesing word oor hoe God sy volk beskerm – *dit word gekoppel aan die feit dat die Here leef*.

- God gaan die volk beskerm. Hy gaan die afgode uitdaag en vernietig.
- Let wel: Hy gaan skoonmaak onder dit wat sy volk bedreig en laat val.

Dan sweer Hy by sy lewe dat Hy alles wat sleg is, gaan vernietig.

- Maar u moet onthou dat die volk nou al klaar uitgehaal is onder dié wat vernietig word.
- Die nabyheid van God is sy liefde wat ons beskerm en ons vyande doodmaak.

Die mense wat onthou dat God lewe, en teenwoordig is, besef ook sy almag – waarmee Hy ongetwyfeld vernietig, maar wat Hy ook baie beslis aanwend om die veiligheid en toekoms van sy uitverkorenes te verseker.

Dit is waarom God ’n eed kan sweer by sy lewe – in sy lewe is sy ewigheid en almag.
- Omdat Hy in sy lewe verhef is bo alles, kan Hy die skepsele wat Hom teenstaan, vernietig.
- Hierdie gedeelte het ook die belang dat die beginsel hier gegee word dat God met sy lewe ’n volk beskerm wat Hom aanbid en dien.

In 2 Samuel 22 het ons weer ’n lied. Dié keer sing Dawid die lied.
- Die inhoud is egter baie anders, want die lied handel nie oor ’n volk nie, maar oor een mens.
- Dit gaan oor die persoonlike verhouding tussen een gelowige en die lewende God.

Die gedeelte wat ons saam gelees het, beskryf die magtige seëninge van die Here.
- Die Here het Dawid selfs teenoor vreemde volke geseën.
- Hoe kon dit alles gebeur? Omdat die Here leef!
    - In God se lewe is sy krag en sy liefde vir ons.
    - In God se lewe gebied Hy seëninge oor ons.

Die liefde van God hang dus saam met en is baie nou verbonde aan ons belewenis van sy persoonlike teenwoordigheid en lewe saam met en oor ons.
- In Esegiël 33 het ons die verhouding tussen God en die ampsdraer, en ook die verhouding tussen God en sy kerk.
- Die lewende God bevestig ’n ampsdraer.
    - In hierdie geval is die ampsdraer Esegiël: God stel hom aan as wag oor die huis van Israel.
    - Hy moet vir die onbekeerlikes oordeel preek en vir die ander genade.

Saam met God se lewe, staan ook God se liefde.
- Weer ’n keer sweer God by sy lewe:
    - Hierdie keer sweer Hy dat Hy nie mense wil verdelg nie.
    - Hy stel belang daarin dat goddeloses hulle moet bekeer en lewe.
- Lewe het dan hierdie betekenis van die lewe wat ons kry deur God se verlossing – die ewige lewe.

Let wel:
- Die liefde van God is so groot en staan so vas dat Hy ’n eed sweer daaroor, en die hele eed grond Hy vir die waarheid daarvan in sy lewe!
- Die gedagte in hierdie gedeelte is ook dat die kerkvolk net moet besef dat God nie met enige ander God vergelyk kan word nie – Hy is die enigste lewende God.

Die gedeelte in Romeine 14 behandel nog weer ’n ander verhouding wat in gedrang kom in die Here se lewe.
- Dit is die verhouding van ons teenoor ander mense, en van ons almal saam teenoor God.
- Hier word gepraat van mense wat ander mense se bediendes geminag het, en mense wat mekaar se standpunte geminag het.
- Dan is Paulus se slotsom dít: Waarom oordeel jy jou broeder?
    - Jy kan nie iemand anders verag of oorheers as jy nie iets baie besonders in jou het nie.

- Julle al twee staan as presiese gelykes voor die regterstoel van Jesus.

Die Here Jesus sal oordeel oor wat reg en verkeerd was in julle al twee se lewens.

- In sy liefde sal Hy die lewe gee aan die wat hy vryspreek.
- Die punt is net: Die Here is teenwoordig.
  - Buig jou knie voor Hom en moenie probeer regter speel oor ander mense nie.
  - Benut die liefde wat die lewe van die Here oor jou uitgiet.

Hier is ook weer ’n eedswering: Sowaar as wat Ek leef!

- Die gedeelte is ’n aanhaling uit die Ou Testament, maar die Heilige Gees maak dit deel van die Nuwe Testament.
- God sweer nog steeds by sy lewe.

Dan volg die gedeelte wat al die ander gedeeltes in perspektief plaas (Hebreërs 7).

- Hoe kom dit dat God in sy lewende omgang soveel liefde aan ons kan bewys?
- En hoe is dit in elk geval moontlik dat God lewend met ons kan wees en persoonlik saam met ons leef?

Die antwoord is: Jesus Christus.

- God bestaan buitendien van ewigheid tot ewigheid – daaroor is nie eers te redeneer nie.
- Deur ons eie ongeregtigheid vervreem ons onsself van hierdie ewiglewende God.

Maar omdat Hy steeds hier by ons is en omdat Hy ons aanhou liefhet, daarom besluit Hy om ons sondes en verkeerdhede weg te neem.

- Hy het self ’n priester geword.
- Die werk van die priester was om vir die volk te gaan bid voor God se aangesig, en om dan vir die volk offers te bring.
- Die offers was om aan te dui dat die volk weer met God versoen word.

Die probleem was deur al die eeue dat die priesters doodgegaan het, want hulle was mense want nie lank kon lewe nie.

- Hulle was self ook vol sondes en hulle kon dus maar net ’n gebroke diens lewer.
- Die offers self was ook maar uit die skepping en aan die vloek van die sondeval onderworpe, en daarom moes hulle oor en oor herhaal word.

Toe kom God self as Priester.

- Hy kon foutloos as mens lewe.
- Hy gaan toe dat hulle sy liggaam offer, wat volmaak is en geen smet dra nie.
- Hy word daarna weer lewend en vaar van ons wêreld af weg na die blyplek van God toe – en daar bid Hy voortdurend vir ons.

Die lewende God is vir ewig met ons, en vir ewig oor ons. Vergelyk hiervoor Hebreërs 7:24-25:

> **...maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit ’n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.** (Hebreërs 7:24-25 AFR1953)

Dit is hoe die saak nou vir ons staan.

- God leef vir ewig.
- Hy leef hier saam met ons, want sy teenwoordigheid kan deur niks uitgesluit word nie.
- Sy liefde is oor ons en sy lewe omvou ons.

Waak dan wanneer die sonde weer naderstaan na ons toe:

- Moenie die lewende God in die gesig vat en Hom vertoorn met die slegte dinge van ons lewe nie.
- Onthou dat Hy juis ook daar is waar jy dan is, en dat Hy daar sien, en dat Hy ook weet wat jy doen – en dat Hy kan straf, en dit inderdaad ook sal doen as ons lewe asof Hy nie bestaan nie.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 68:2 (p. 331)

2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 13 Februarie 2011